

## Die Totstandkoming van die KGA

- teken van kerkeenheid en hoop -

**Op 8 November 1991** is die Kommissie vir Getuienisaksie in die Wes-Kaap amptelik te Kaapstad gekonstitueer. Al vier destydse verbande van die NG Kerkfamilie was betrokke by hierdie kerkeenheidsimbool se stigting.

Dit is voorafgegaan deur moeisame en pynlike gesprekke, oor hoe ons kerkwees verstaan (ekkesiologie), in die laat 70-tiger en vroeg 80-tiger jare tussen die Sinodale Kommissie vir Getuienisaksie van die NG Sendingkerk (SKGA) en werksaamhede van die voormalige Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie (SKAE) van die NG Kerk in Wes-Kaapland (NGKSA).

Faktore soos die staat van belydenis wat in 1982 deur die NGSK afgekondig is en ondersoek van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) oor die NGK se onvoltooide sendingtaak lei hierby tot die deurslaggewende werkwinkel, “*Wat is Sending?*”. Dit vind plaas in Bellville op 1-3 April 1986 op inisiatief van die SKGA en die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Wes-Kaapland, in samewerking met NG Kerk Sendingkantore landwyd. Dit is bygewoon deur verteenwoordigers van binne- en buitelandse lede van die NG Kerkfamilie. Hierdie belangrike gebeurtenis lei tot die formulering van ‘n *Werksdefinisie vir Sending* wat in wese die eis vir sigbare kerkeenheid uitspel as noodsaaklik vir die geloofwaardigheid van sending in die wêreld.

In Oktober 1986 is hierdie *Werksdefinisie* deur die NGSK-sinode aanvaar en as riglyn vir die SKGA goedgekeur. In November van dieselfde jaar versoek die Sinodale sendingkommissie (SSK) van die NGKSA die SKGA van die NGSK om saam te besin oor “ons sendingtaak”, want “ons kan dit nie meer alleen uitvoer nie”. Daarop reageer die SKGA toe positief.

In 1987 kom die dagbesture van die SSK en die SKGA ooreen dat die *Werksdefinisie vir Sending* (1986), die *Belydenis van Belhar* (1986) asook die kerkeenheidsbesluite van die NGKSA (1987) as beginselbasis vir samewerking en vir die vereniging van die onderskeie kommissies se werksaamhede oorweeg sal word.

Op 27 November 1987 aanvaar die dagbesture van die SKGA en SSK die voorstel vir *een kommissie met die oog op die evangeliebediening aan ons Moslembure en ander getuienisfunksies*. Daar word toe ook aanbeveel dat slegs *een kommissie vir ons getuieniswerk* daargestel moet word.

Op 9 November 1988 vergader die volle SKGA, die SSK se UK en lede van die ander NG Familiekerke as waarnemers om die onderhandelinge vir een gesamentlike kommissie te finaliseer. Dit gebeur te Belhar met 24 persone teenwoordig. Daar word ooreengekom op die naam, *Die Kommissie vir Getuienisaksie (KGA) in die Wes-Kaap*, wat later verander is na Kaapland.

Tussen die einde 1988 en Oktober 1990 smelt die SKAE en SSK saam en word die grondslag, riglyne en reglement, sowel as die proses van kommissievereniging tot die KGA by drie opeenvolgende “Simonsberg werkwinkels” buite Stellenbosch deur al die rolspelers ooreengekom.

Die 1990 NGSK sinode keur alles kort hierna goed. Toe die NGKSA sinode in Oktober 1991 dit ook aanvaar, is die basis vir die verenigde KGA gelê. Op 8 November 1991 het die “verenigde Kommissie vir Getuienis van die NG Kerkfamilie in die Wes-Kaap” (KGA) amptelik in Kaapstad gekonstitueer, met die NGKA Kaapland en RCA as amptelike waarnemers. In 1992 keur hul onderskeie sinodes ook die KGA grondslag en taak finaal goed. Sedertdien funksioneer die KGA met die volle ondersteuning van die hele familie.

So is die KGA gedurende die stormjare van die 1980’s gebore - as ’n teken van kerkeenheid en hoop.

---